

17 Februarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 9:23-10:25**

**Fokusgedeelte: Jeremia 9:23-24; 10:1-2**

**Die vrees van die Here is die beginsel van kennis**

Die oordeelsprofesie van Jeremia verander hier plotseling na lering en onderwysing. In ons fokusgedeelte wys die Here op die ware kennis naamlik om God se woord en wil te verstaan en Hom te ken as die God van goedheid en geregtigheid. Hy wat hom wil beroem op wysheid moet hierdie kennis van God hê. Die beginsel van alle kennis is immers om die Here te ken en te vrees (Spreuke 1:7 OAV). Daarom die vraag: Wat beskou ons as ware kennis? Het ons die kennis van al die gode en heidengodsdienste nodig? "Dit is nietigheid", sê die Here (Jes 41:29). Ons moet die Here ken en hierdie kennis uit God se Woord aan ons kinders leer. Die Woord is die bron waaruit ons God as die God van goedheid en geregtigheid leer ken. Deur ons belydenisskrifte leer en verstaan ons baie dinge aangaande die Here en hoe Hy Hom aan ons wil openbaar. Op hierdie kennis (dat ons God ken en verstaan) mag ons roem, want dit is die enigste roem waarin God 'n behae het.

*Sing: Psalm 16:1*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*